50 TAALMONUMENT

DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM
PASTORIELAAN, PAARL

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT
PAARLBERG

*kultuur, natuur, plesier*

SEPTEMBER 2025 NUUSBRIEF




- Oktober (én November) die mooiste maande om monument se 50ste te vier!
- Lees wie het die Neville Alexander-pryse van R90 000 verower
- Verdiep jou in die fassinerende ATM50-artikelreeks
- Watershed kom Paarlberg toe!

AFRIKAANS 100 JAAR AS AMPTELIKE TAAL

AFRIKAANS AMPTELIK 100




*Die ATM se opvoedkundige beampte, Gershwyn Fredericks (links), lees die commendatio vir Churchil Naudé wat een van die drie Neville Alexander-eerbewyse op 20 September 2025 gewen het.*

# Húlle wen Alexander-pryse

**'n Rymkletser, kuberdigter en meester van boekefeeste is vanjaar se waardige wenners van die ATM se sesde Neville Alexander-prestige-eerbewyse ter bevordering van Afrikaans.**

Die aankondiging is op 20 September 2025 tydens 'n feestelike geleentheid in die Historium in die Paarl gemaak. Voor 'n groot, entoesiastiese gehoor is Churchil Naudé, Anzé Bezuidenhout en Darryl David as die drie bekroondes aangekondig, waarna die ATM-direkteur, Michael Jonas, en die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit se burgemeester, dr Elna von Schlicht, die kontantpryse van altesaam R90 000 oorhandig het. Die verrigtinge is verder verryk met verskeie vermaakitems.

Die dag het boonop saamgeval met drie belangrike mylpale: die ATM se 50ste bestaansjaar, Afrikaans se 100ste jaar as amptelike taal en die sesde Alexander-gedenklesing. Hierdie lesing, getiteld *Afrikaans se erfenis: verlede, hede en die volgende 100 jaar*, is deur die jong skrywer Cliffordene Norton (**onder**) gelewer. Sy het beklemtoon: "Afrikaans is nie net die taal waaruit ek kom nie, dit is ook die taal waarin ek my toekoms vind – 'n taal van teenstrydighede, wonde en genesing, maar bowenal 'n taal van moontlikhede. In die gees van doktor Neville Alexander glo ek ons moet hierdie moontlikhede saam vier, saam uitdink en saam uitleef."Neville Alexander (1936–2012) was 'n vooraanstaande taalkundige, anti-apartheidsaktivis en opvoedkundige wat hom sterk vir veeltaligheid en moedertaalonderrig beywer het. Die prysgeld van altesaam R90 000 is moontlik gemaak deur Het Jan Marais Nationale Fonds.




Volgens Michael Jonas bekroon die eerbewyse die "onbesonge helde van Afrikaans en veeltaligheid" en ondersteun dit ook uiteenlopende taalprojekte. Hy het bygevoeg: "Vanjaar se keuses was besonder moeilik, want elke inskrywing het groot meriete gehad. Ons bedank almal wat benoem is vir hul onbaatsugtige werk om Afrikaans te bevorder. Dit word nie misgekyk nie. Met die ATM wat vanjaar sy 50ste jaar vier, is dit vir ons belangrik om sowel ons instelling as die wenners se positiewe bydraes te vier – veral hul rol om vooroordele en onkunde oor Afrikaans teen te werk."

### Die wenners

Naudé het die prys ontvang vir iemand wat Afrikaans as 'n medium gebruik om maatskaplike samehorigheid en nasiebou te bevorder. Hy is deur Susan Smuts en Theunis Engelbrecht benoem.

"Ek vermoed ons almal hier weet hoe apartheid ook die Afrikaanse gemeenskap op grond van velkleur uitmekaar geskeur het," het Jonas ter inleiding gesê. "En dis hier waar ons meen Churchil speel 'n ongelooflike rol. As rapper en digter draai hy nie doekies om oor hierdie wonde nie, oor rassisme, sosio-ekonomiese kwessies, negatiewe stereotipes... En oor destruktiewe houdings binne die groter Afrikaanse gemeenskap. Sy Woorde Sny. En Genees."






*Van links: ATM-direkteur Michael Jonas, wenners Churchil Naudé en Anzé Bezuidenhout, KWDM-burgemeester dr Elna von Schlicht en Drakenstein-raadslid Laurichia van Niekerk. Die ander wenner, Darryl David (regs), kon helaas nie self die geleentheid bywoon nie, maar sy bedankingsvideo is beskikbaar op die ATM se Facebookblad.*

Bezuidenhout het die prys ontvang vir iemand wat Afrikaans toeganklik maak. Sy is deur Christa Diederiks, Amanda de Meillion en Pierce van Tonder benoem.

"Anzé is al 'n geruime tyd op die ATM se radar, want ons is terdeë bewus van die vrou daar doer op die Springbokvlakte in die verre Limpopo wat 'n Afrikaanse aanlyn-digwebtuiste INK bedryf," het Jonas gesê. Sy is daagliks besig om met raad en motivering om duisende lede en volgers uit 15 lande aan te spoor om meer te skryf en hul taalvaardighede te ontwikkel. "Deur aanlyn al hierdie moontlikhede basies gratis vir aspirant-skrywers te bied, slaag Anzé ons-insiens daarin om Afrikaans toeganklik te maak, nie net hier nie, maar wêreldwyd. Gaan kyk na ink.org.za en sien self!"

David het die prys ontvang vir sy lewenslange bydrae tot Afrikaans. Hy is deur die beminde digter, vryskutjoernalis, musiekskrywer en omroeper Danie Marais benoem.

Hy was die eerste Indiër in Suid-Afrika wat lektor in Afrikaans geword het toe hy by die Universiteit van KwaZulu-Natal aangestel is. Meer as 100 boekefeeste het uit sy inisiatief voortgespruit. Sy passie vir Afrikaanse letterkunde leef in hierdie feeste voort, waar hy die rykdom van Afrikaanse skrywers en verhale aan nuwe gehore bekendstel. Jonas het gesê: "Hoewel Darryl se werk gereeld erken word, glo ons dit is hoog tyd dat sy enorme agter-die-skerms bydrae amptelik beloon word. Ons is oortuig Neville Alexander sou dit van harte ondersteun, aangesien hul taaldenke dieselfde progressiewe gees adem."

Die volledige gedenklesing en commendatio's vir die wenners verskyn op taalmuseum.co.za/artikels. 'n Opname oor die geleentheid sal binnekort ook op youtube.com/@taalmonument1 beskikbaar wees.
Meer oor Cliffordene by cliffordenenorton.home.blog en oor Het Jan Marais Nationale Fonds by hetjanmarais.co.za.

* Vorige wenners sluit Mogamat Alexander, DAK Netwerk, prof Michael le Cordeur, Gaireyah Fredericks, Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans, Suzie Matlhola, Ernest Loth, fakulteit onderwys van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (Wellington), Sabina Dumas, Susan Smith, Elizabeth Dennise van Schalkwyk en Woorde Open Wêrelde in.



## Vurige taaldaggesprek!

*Ter viering van Afrikaanse Taaldag en -maand, het daar op 16 Augustus 2025 'n fassinerende paneelbespreking by die Historium-konferensiesentrum in die Paarl plaasgevind. Die tema was 'Hoe beleef ons taal?' en ongelooflik interessante en vurige menings is deur die paneel- en gehoorlede gelug! Sien die opname daarvan by https://www.youtube.com/watch?v=cF9HEyjam6g of kyk onder youtube.com/@taalmonument1. Die paneel het bestaan uit Inge Kühne (gespreksleier), dr Annalise de Vries, dr Lindie Koorts, dr Jolyn Phillips en Mercy Kannemeyer.*








## Skole vier Taalmaand 2025

*Die ATM, in samewerking met die Paarl-museum, het met trots die openingsweek van Taalmaand 2025 aangebied, 'n maand wat gewy is aan die viering van die Afrikaanse taal se rykdom en diversiteit. Leerders van vyf plaaslike laerskole - Bergendal, St Albion, Groenheuwel, Charleston Hill en Sonop – het die afgelope weke begeleide toere, interaktiewe opvoedkundige sessies en skeppende aktiwiteite geniet wat daarop gemik is om die geskiedenis, ontwikkeling en kulturele betekenis van Afrikaans te belig.*

## Jonk, skeppend in/en Afrikaans





*Op 23 Augustus het 'n jeuggesprek by die Historium-konferensiesentrum plaasgevind. Met die bekende liedjieskrywer en sanger Luna Paige as gesprekleier, het 'n paneel jeugdiges gesels oor die tema "jonk, skeppend in/en Afrikaans". Dit sluit in Veronique Jephtas (digter, skrywer en aktrise), Jordan Cridland (Matiestudent) en Johandré Visser (MOS-inisiatief). Veronique Jephtas het ook van haar skryfwerk voorgelees en Luna Paige het die geleentheid afgesluit met 'n optrede van haar liedjies. Met die jeuggesprek het die ATM meer jongmense by openbare programme betrek en die kollig laat val op jongemense se ervarings betreffende taal.*

# Kenners en liefhebbers skryf oor hul Afrikaans en die Taalmonument







Ondergenoemde artikels is deel van 'n reeks van 5 ter viering van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) se 50ste bestaansjaar. Almal is GRATIS te lese by taalmuseum.co.za/artikels.

**Monument: van metafoor tot mond**
**11 Augustus 2025, maroelamedia.co.za**
Die Taalmonument is 'n indrukwekkende metafoor vir die ryke verskeidenheid mense wat die taal gegiet het en aanhou vorm. Maar ander monumente van Afrikaans lê in ons monde en op onsigbare plekke, skryf Marlie Coetzee.

**Inauguration strife at Afrikaans Language Monument**
**By Steward van Wyk – 1 August 2025, Cape Times**
Involvement of brown people and other population groups source of great division.

**Madrassas, weerstand én Afrikaans**
**4 Augustus 2025, litnet.co.za**
Afrikaans is 'n pragtaal van vele kleure, tonge, verhale … én stiltes, so skryf **Shamiega Chaudhari**, nasionale aanbieder van Arabiese Afrikaans-slypskole. Tot onlangs was een van dié stiltes die taalkundige vernuf van Kaapse Moslems, hul ontwikkeling van 'n unieke Afrikaanse alfabet, asook die madrassastelsel wat sy self beleef het.

**Madrasahs, resistance, and the creation and preservation of Arabic Afrikaans**
**By Shamiega Chaudhari – 17 July 2025, dailymaverick.co.za**
Afrikaans is a beautiful language of many colours, tongues, stories… and silences. Until recently, one of these silences was the linguistic ingenuity of Cape Muslims, their development of a unique Afrikaans alphabet, as well as the madrasah system.




taalmuseum.co.za/wat-gebeur




**Van taalpaal tot totem: Kom wissel toekomswoorde met ons**




Die ATM vier 50 jong jare in 2025. Dié mylpaal plaas weer die klem op hierdie ikoniese beeldhouwerk wat voortdurend besin oor die verlede, hede en toekoms om in die behoeftes van 'n veranderende omgewing en gemeenskap te voldoen. Kulturele instellings moet immers ervarings skep wat kennis, interkulturele kommunikasie en begrip vir die ander aanmoedig. Kom debatteer dus saam in **STELLENBOSCH OP 15 OKTOBER OM 10:30** oor die rol van die ATM in die veranderende en dikwels verdeelde Afrikaanse en Suid-Afrikaanse gemeenskappe. **GRATIS!** woordfees.co.za









**AFSLAGPRYSE BY DIE MONUMENT**

- Verjaar jy? Toon jou geldige SA ID vir gratis toegang!
- As jy die museum in die Paarl en die monument op Paarlberg op dieselfde dag besoek, kry jy ’n R10-afslag vir die tweede besoek. Hou jou kwitansies as bewys.
- Gratis vir Drakenstein-inwoners met geldige biblioteekkaartjies op die volgende gedenkdae: Internasionale Moedertaaldag 21 Feb, Menseregtedag 21 Mrt, Internasionale Dag vir Monumente en Terreine 18 Apr, Vryheidsdag 27 Apr, Werkersdag 1 Mei, Internasionale Museumdag 18 Mei, Afrikadag 25 Mei, Jeugdag 16 Jun, Vrouedag 9 Aug, Taaldag 14 Aug, Erfenisdag 24 Sep en Taalmonument se verjaarsdag 10 Okt.

**WAARDEER DIE FASSINERENDE SIMBOLIEK BETER**

- Gratis, begeleide tweetalige toere op weeksdae; naweke en vakansiedae slegs as vooraf bespreek by ontvangs@taalmuseum.co.za vir ’n minimum van 20 persone.
- Gratis inligtingsbrosjures in 22 tale en oudiotoere in Afrikaans, Xhosa, Engels, Frans, Nederlands en Duits beskikbaar. Daar is ook ’n braille-weergawe.

**BEKOSTIGBARE PERMITTE**

- JAARPERMIT: Slegs R120 vir individue en R220 vir ’n gesin van vier. Dit sluit onbeperkte toegang tot die museum, monument, bistro, wandelpaaie en volmaanpieknieks in.

- BERGFIETSRYPERMIT: Gewone toegangsfooi per dag of jaarpermit van R220 per persoon. Laasgenoemde sluit onbeperkte toegang tot bergafbane, museum, monument, bistro, wandelpaaie en volmaanpieknieks in.

- STAPPERMIT: Gewone toegangsfooi en R20-deposito vir sleutel.







**Volg die ATM se webtuiste en sosiale media of teken in op hul nuusbrief om op hoogte te bly van vanjaar se opwindende geleenthede.**

facebook.com/afrikaansetaalmonument
instagram.com/taalmonument
whatsapp.com/channel/0029VazPoESId7nUsOYdJD28
taalmuseum.co.za/kontak-ons/#nuusbrief




WATERSHED
MUSIEKFEES OPPIE BERG
6 Desember 17:00
Taalmonument, Paarlberg
50 TAALMONUMENT
KOM VIER SAAM MET ONS!
Kaartjies (R250) beskikbaar op quicket.co.za
taalmuseum.co.za/event/musiek-oppie-berg



DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM PASTORIELAAN, PAARL
Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur
DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT PAARLBERG
kultuur, natuur, plesier

# welkom by die Groen Galery

só was dit in 1975 (en toe 1976)

Die destydse regering het 1975 tot Taaljaar verklaar ter ere van Afrikaans. Daarmee is die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) 'n eeu tevore in 1875 asook die toekenning van amptelike status aan Afrikaans in 1925 gevier. Talle kleiner taalmonumente is landwyd opgerig en oral in die land is feeste en aktiwiteite aangebied.

Vanjaar vier die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) sowel die 50ste herdenking van die instelling as die 100 jaar van Afrikaans as amptelike taal. As deel van die vieringe is 'n kompetisie vir 'n feeslogo geloods met die wenontwerp (onder) van Wellingtonner Cameron Gertse.

50 TAALMONUMENT

- Die argitek van die monument, Jan van Wijk, het sterk gevoel oor die natuur en daarom word hy vereer deur dié buiteluggalery waar sy as in 'n rots ingemessel is, omring deur inheemse olienhout en graniet. 'n Uitstalling van veral opkomende Afrikaanse skrywers word elke paar maande in dié galery se uitstalkaste van herwonne hout en glas aangebied om hiermee op die monument se kulturele én ekologiese aspekte te fokus. Die uitstallings is ook aanlyn by taalmuseum.co.za/groen-galery.

Tel. 021 863 0543 / 4809 www.taalmonument.co.za Afrikaanse Taalmonument @taalmonument

wyding van die Afrikaanse Taalmonument Paarl 10 Oktobe

**Jongste uitstalling nou te sien by Taalmonument of taalmuseum.co.za/groen-galery**